# OORDELE – 7
## NA DIE OORDEEL

Wat gaan gebeur na hierdie oordeel en nadat God hierdie groot hoer laat val het? Ons het gesien dat God die hoer laat val het, om die kaf van die koring te skei. In hierdie oordeel gaan die oë oopgemaak word van die mense wie se harte wel opreg was, maar wat nooit die regte leiding gekry het nie. Ons moet mooi verstaan dat dit nie ŉ tweede kans is nie. Dit is hulle wie se name geskrywe was, voor die grondlegging in die Boek van die Lewe, maar wie nooit die regte leiding gekry het om deel te kan wees nie. Ons sien dit in Tabita, Handelinge 9. Tabita is ook ŉ tipe van die Bruid.

Ons sien dat daar ook ander gelowiges, asook weduwees is. Die weduwees is hulle wat in rou gedompel is, omdat hulle nie "Ja" gesê het vir die Bruidegom nie. Hulle het die geleentheid gehad, maar hulle het nie "Ja" gesê nie. Die ander gelowiges is hulle wat deur die oordeel moet gaan. Dit is hulle wat die are van die gerwe van Boas is.

Wat gaan gebeur na hierdie oordeel? Mense vra of daar nooit meer geld en sulke goed gaan bestaan nie. Daar sal nooit, ooit weer, in alle ewigheid, iets soos Mammon, politiek, tradisies, hoerery, en okkulte wees nie.

- Josef en Benjamin is gebore, maar Ragel het gesterf by die geboorte van Benjamin. Die Bruid word weggeraap.
- Rebekka word uit haar land gevat. Baie diensmeisies, een put en net een Bruid.
- Dit wys weer vir jou dat net die Bruid weggeraap word.

**WOORD VERVUL**
Die Bruid is nou in die hemel en Jesus se woorde kom tot vervulling dat die wat die wil van God doen, die Koninkryk van die hemele sal sien. Die wat nie die wil van God doen nie, sal nie die Koninkryk van die hemele sien nie. Hulle sal op die aarde bly. Die Bruid word weggeraap vir die huweliksbevestiging met die Lam, die sewe jaar wat sy in die hemel sal wees, die bruilofsmaaltyd en alles wat saam met dit gaan plaasvind.

**ANTICHRIS**
Op daardie stadium sal alles losbreek hier op die aarde.

- Die Antichris sal opstaan en heers hier op die aarde.
- Daar sal drie en 'n half jaar van vrede en drie en 'n half jaar van groot verdrukking wees.
- Die verdrukking sal nie teen enige mens kom nie, maar teen Josef en Benjamin, want hulle sal kies om nie die merk van die dier te aanvaar nie.

Die Bybel sê vir ons dat daar nog nooit so ŉ verskriklike tyd op die aarde was nie. Die Bybel sê vir ons dat, as God nie die tyd inkort nie, niemand dit sal maak nie. Moenie kanse vat met dit nie. Dit sal ŉ verskriklike, verskriklike tyd wees. Die Bybel sê vir ons dat daar tye sal wees wat die mens sal smag na die dood en die dood nie gevind sal word nie. Mense besef nie regtig hoe ŉ verskriklike tyd dit sal wees nie. Ek kan nie verstaan dat mense nog steeds die materiële en die tydelike verkies bo die ewige nie. Mense sien die tekens van die tye en hulle sien boodskappe soos hierdie, maar dan dink hulle more nie weer daaraan nie. Hulle is soos die saad wat gesaai is op die bo-grond. Die voëls van die hemel pik dit op, of dit staan op en groei net 'n entjie en gaan weer dood. Hulle dra nooit vrug in hul lewe nie. Ek kan nie verstaan dat mense in dae soos vandag, nog nie kies om ernstig te raak met die Here en regtig hulle hele toevlug, hulle hele wese, na die Here toe neem nie. Dit is asof die mense nog in 'n gemaksone is. Die rede waarom God die

groot hoer moet laat val, is om die mense se oë oop te maak. Ongelukkig sal die tyd dan verby wees en hulle sal dan deur die verdrukking moet gaan.

**OLYFBERG**
Volgens Openbaring 19, kom Christus dan terug met Sy Bruid en Sagaria sê dat Hy Sy voet op die Olyfberg sal sit. Die Olyfberg sal middeldeur skeur. Christus, die Lam, sal dan die dier en die Valse Profeet vat en hulle in die poel van vuur, die Gehenna, werp. Hy sal vir satan, Lucifer, met sy gevalle engele, self bind en hulle in die Tartarus plaas. Vir 'n hele duisend jaar sal Christus en Sy Bruid dan funksioneer op hierdie aarde. Dit is die millennium tyd. Dit is die duisend jaar se vrederyk, waarin hulle dan moet beplan wat hulle met die ewigheid gaan maak.

**GOG EN MAGOG**
Na die duisend jaar sal die satan losgemaak word. Hy sal oor die eindes van die aarde gaan. Hy sal al die nasies, volke en tale bymekaar maak. Die Gog van die land Magog sal dan opstaan in hierdie tyd, om vir Christus en Sy Bruid te vernietig. Dit is dan wanneer God die Vader, self, vuur uit die hemel sal laat neerdaal en hulle sal vernietig. Ons lees in Esegiël 38 en 39 hoe die oordeel oor die Gog en die Magog kom.

**DIE GROOT WIT TROON**
Die Groot Wit Troon (Open 20:11) oordeel sal kom en God die Vader sal dan self afkom. Alles gaan voor Hom verskyn. Onthou, die Bruid is klaar beoordeel en sy het klaar haar loon ontvang. Al die ander sal dan beoordeel, of veroordeel word. Dit is waar die skape van die bokke geskei gaan word. Dit sal of Gehenna toe, of jy sal jou loon en heerskappy wat jou toekom ontvang, sou jy enigiets ontvang.
Nie baie gaan heerskappy daar ontvang nie. Dit staan baie duidelik, in Luk 16:9, dat die onregverdige Mammon gebruik moet word om vir julle vriende te maak, sodat wanneer julle hierdie lewe verlaat, hulle julle in hul ewige tente sal ontvang. Ek sê weer, daar is mense wat nou geld het, wat nie eers 'n blyplek daar gaan hê nie. Hulle sal hoop dat iemand, vir wie hulle miskien 'n brood gekoop het, belê het in die Koninkryk en dat daardie siele hulle miskien in hulle ewige tente sal ontvang.

**NUWE JERUSALEM**
Na hierdie Groot Wit Troon oordeel, sal die ou hemel en die ou aarde tot niet gemaak word. God die Vader sal dan 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde skep.

- Die nuwe Jerusalem sal neerdaal.
- Die ewigheid sal dan aanbreek.
- Die heerskappy van die ewigheid sal aan die Bruidegom en die Bruid oorgegee word, sodat hulle tot in alle ewigheid kan heers.

Dit, in kort, is wat moet kom. Dit is wat nou moet gebeur mense. Die wêreld is so reg daarvoor dat dit môre kan gebeur. Alles is reg, selfs die wêreldse sisteme weet dat iets gaan gebeur. Hulle weet nie wat nie, maar hulle weet iets gaan gebeur, daarom probeer hulle alles kunsmatig inmekaar vleg en aanmekaar hou. Hulle probeer maar hier en daar, maar hulle sal dit nie regkry nie, want as God 'n Woord gespreek het, sal dit so wees.

Ek seën julle met die woord. Koop die tyd uit. Kom ons maak klaar met hierdie aardse dinge. Kom ons maak klaar met dit wat vir ons van geen nut is nie. Kom ons begin regtig betrokke raak in die Koninkryk van die hemele. Ek weet ons moet werk en geld verdien, maar is jou lewe regtig gebalanseerd?

-o0o-

- Kry Christus regtig Sy verdiende deel uit jou lewe?
- Hoeveel ure van God se tyd offer jy op vir die Here?
- Hoe lyk jou jaar beplanning?  Is God deel van jou jaar beplanning?

Gaan jy beplan om uitreikings te doen, om bietjie meer betrokke te word in Sy Koninkryk, of gaan jy maar net aangaan soos wat jy aangegaan het?  Mense beplan hierdie jaar al vir volgende jaar se vakansie.

- Waarmee, hoe en wat is jy besig om te bou?

As jy bou aan die tydelike, gaan dit vir jou van weinig nut wees, want dan is jy besig om op goed te bou wat gaan verbrand.

- Bou op dit wat vir jou ewigheidswaarde het.

Goed, ons moet aan hierdie kant ook lewe, maar moenie dat dit jou hele lewe oorheers nie.  Moenie dat dit jou hele lewe hanteer en beheer nie.  Kom ook op ‘n plek waar jy weet dat die Here ook vir jou eendag sal sê, “Mooi so goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou oor veel sal ek jou aanstel”.

Gaan in die vreugde van jou Here.  Ek seën julle met hierdie woord.  Die Here is met julle.

-o0o-

Mat 13:3  En Hy het baie dinge deur gelykenisse tot hulle gespreek en gesê: ‘n Saaier het uitgegaan om te saai;
Mat 13:4  en terwyl hy saai, val ‘n deel langs die pad, en die voëls het gekom en dit opgeëet.